- “**‘Adjunk-Voorsittende Beampte’ [die] ’n** persoon ingevolge artikel 16(1)(b) as Adjunk-Voorsittende Beampte van die Dranklisensieringstribunaal aangestel;” 10
- (b) deur die omskrywing van “bestuurder” deur die volgende omskrywing te vervang: 10
- “**‘bestuurder’** ’n persoon wie se aanstelling as bestuurder goedgekeur word ingevolge artikel **[52(1)] 52;**”;
- (c) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “drank” in te voeg: 15
- “**‘dranklisensie vir ’n geleentheid’** ’n lisensie bedoel in artikel 33(2)(a);”;
- (d) deur die omskrywing van “gefortifiseerde wyn” te skrap;
- (e) deur die volgende omskrywing voor die omskrywing van “gelisensieerde besigheid” in te voeg: 20
- “**‘geleentheid’** ook ’n uitstalling, sportbyeenkoms, vertoning of funksie;”;
- (f) deur die omskrywing van “hernuwingsfooi” deur die volgende omskrywing te vervang: 25
- “**‘hernuwingsfooi’** ’n fooi wat jaarliks of tweejaarliks, na gelang van die geval, betaalbaar is ten opsigte van ’n lisensie, uitgesonderd ’n tydelike dranklisensie, ten einde die voortgesette geldigheid van die lisensie te verseker;”;
- (g) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “motorvoertuig” in te voeg: 30
- “**‘munisipale polisie-diens’** ’n munisipale polisie-diens ingestel kragtens artikel 64A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie-diens;”;
- (i) deur die omskrywing van “natuurlike wyn” deur die volgende omskrywing te vervang: 35
- “**‘natuurlike wyn’** wyn waarvan die alkoholinhoud ten minste **[6,5%] 4,5%** maar minder as 16,5% is **[, maar sluit gefortifiseerde wyn uit];**”;
- (j) deur die omskrywing van “persoon” te skrap;
- (k) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “Provinsiale Kabinet” in te voeg: 40
- “**‘Provinsiale Kommissaris’** die Provinsiale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie-diens aangestel vir die Provinsie ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie-diens;”;
- (l) deur die omskrywing van “spesiale geleentheid” te skrap;
- (m) deur die volgende omskrywing voor die omskrywing van “staande komitee” in te voeg: 45
- “**‘spiritus’** dieselfde as in die Wet op Drankprodukte, 1989;”
- (n) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “vervaardiger” in te voeg: 50
- “**‘vervangende lid’** ’n persoon aangestel as ’n vervangende lid ingevolge artikel 16(3A);”;

- (o) deur die omskrywing van “vredesbeampte” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “**vredesbeampte**”—
- (a) enige [**polisiebeampte en,**] lid, soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, van die Suid-Afrikaanse Polisie; 5
- (b) enige lid van ’n munisipale polisie; of
- (c) enige persoon wat, met betrekking tot enige gebied, misdryf, klas van misdrywe of bevoegdheid bedoel in ’n kennisgewing uitgereik kragtens artikel 334(1) van die Strafproseswet, [**enige persoon wat**] ’n vredesbeampte kragtens daardie artikel is, behalwe verkeersbeamptes[.];” en
- (p) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “vredesbeampte” in te voeg:
- “**Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie**” die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, 1995 (Wet 68 van 1995).” 15

Wysiging van artikel 16 van Wet 4 van 2008

2. Artikel 16 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(b) [**een lid**] hoogstens drie lede, met die kwalifikasies in paragraaf (a) vermeld, wat deur die Raad as Adjunk-Voorsittende [**Beampte**] Beamptes aangestel word;”;
- (b) deur paragraaf (d) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(d) een lid wat ’n polisiebeampte met die rang van [**Superintendent**] Luitenant-Kolonel of hoër is, deur die Raad aangestel in oorlog met die Provinsiale Kommissaris [**van die Suid-Afrikaanse Polisie**] en die Minister verantwoordelik vir gemeenskapsveiligheid in die Provinsie; en”;
- (c) deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:
- “(2A)(a) Die Voorsittende Beampte mag enige bevoegdheid of funksie van die Voorsittende Beampte skriftelik aan ’n Adjunk-Voorsittende Beampte deleger om namens hom of haar uit te oefen of te verrig. 30
- (b) Die bepalinge van artikel 10(2), (3) en (6) is van toepassing, met die nodige veranderinge, op ’n delegering ingevolge paragraaf (a).”;
- (d) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(3) Indien die Voorsittende Beampte nie beskikbaar is om sy of haar funksies te verrig nie of indien die amp van Voorsittende Beampte vakant is, moet [**die**] ’n Adjunk-Voorsittende Beampte aangewys deur die Hoof-Uitvoerende Beampte, terwyl die Voorsittende Beampte nie beskikbaar is nie of totdat ’n Voorsittende Beampte aangestel word, waarnaam as Voorsittende Beampte en al die funksies verrig wat deur hierdie Wet aan die Voorsittende Beampte opgedra word.”; en 40
- (e) deur die volgende subartikel na subartikel (3) in te voeg:
- “(3A)(a) Ondanks subartikels (1) en (2) mag die Raad in oorlog met die Minister te eniger tyd hoogstens vier geskikte persone as vervangende lede aanstel om as lede van die Dranklisensieringstribunaal of ’n komitee daarvan waar te neem op versoek van die Voorsittende Beampte in die omstandighede beoog in artikel 21(4) of 24(2A). 45
- (b) ’n Vervangende lid beklee die amp vir ’n tydperk van hoogstens twee jaar, wat die Raad tydens sy of haar aanstelling mag bepaal.”. 50

Wysiging van artikel 17 van Wet 4 van 2008

3. Artikel 17 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur die opskrif van artikel 17 deur die volgende opskrif te vervang:
- “**Diskwalifisering vir aanstelling as lid of vervangende lid van Dranklisensieringstribunaal**”; 55

- (b) deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
 “Die volgende persone kwalifiseer nie om aangestel te word, voort te gaan of op te tree as lede of vervangende lede van die Dranklisensieringstribunaal nie—”; en 5
- (c) deur paragraaf (f) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(f) iemand wat die familielid, vennoot of besigheidsdeelgenoot van ’n persoon is met ’n regstreekse belang in die drankhandel, tensy die Raad van mening is dat die belang van die familielid, vennoot of besigheidsdeelgenoot in die drankhandel nie impliseer dat die persoon ongeskik is om die amp te beklee nie;”. 10

Wysiging van artikel 18 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 18 van Wet 10 van 2010

4. Artikel 18 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: 15
 “(3) Die heraanstelling van ’n lid bedoel in artikel 16(1)(c) [**en**] of (d) mag slegs geskied na oorleg met onderskeidelik die Minister verantwoordelik vir plaaslike regering in die Provinsie, of die Provinsiale Kommissaris [**van die Suid-Afrikaanse Polisiediens**] en die Minister verantwoordelik vir gemeenskapsveiligheid in die Provinsie.”. 20

Wysiging van artikel 19 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 19 van Wet 10 van 2010

5. Artikel 19 van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf (c) deur die volgende paragraaf te vervang: 25
 “(c) sodanige lid van drie opeenvolgende vergaderings van die Dranklisensieringstribunaal afwesig is sonder die voorafverkreë skriftelike verlof van die Voorsittende Beampte of, waar van toepassing, [**die**] ’n Adjunk-Voorsittende Beampte;”. 25

Wysiging van artikel 20 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 20 van Wet 10 van 2010 30

6. Artikel 20 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(b) ’n aansoek vir die oordrag van ’n lisensie ingevolge artikel [**65(9)**] 65(1)”; 35
- (b) deur die woord “of” aan die einde van paragraaf (f) te skrap;
- (c) deur in subartikel (1) die volgende paragraaf na paragraaf (f) in te voeg:
 “(fA) enige aangeleentheid ingevolge artikel 68(5) deur die Appèltribunaal na hom terugverwys; of”; 35
- (d) deur paragraaf (g) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: 40
 “(g) enige ander aangeleentheid deur die Hoof-Uitvoerende Beampte of die Voorsittende Beampte na hom verwys of wat die Dranklisensieringstribunaal ingevolge hierdie Wet mag of moet oorweeg.”; 40
- (e) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: 45
 “(2) Behalwe ten opsigte van aangeleenthede in subartikel (1)(a), (b), (c), (f), (fA) en (g) bedoel, het die Voorsittende Beampte ’n diskresie om te weier om ’n vergadering van die Dranklisensieringstribunaal te belê indien so ’n vergadering na sy of haar mening nie geregverdig word deur die inligting wat aan hom of haar verstrekkend word nie.”; 50
- (f) deur paragraaf (d) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(d) subartikel (1)(fA) of (g), die aangeleentheid oorweeg en die stappe doen wat hy toepaslik ag.”; en

(g) deur die volgende subartikel na subartikel (3) in te voeg:

“(3A) Die Voorsittende Beampte mag ’n aangeleentheid vir die oorweging van die Voorsittende Beampte vir oorweging na die Dranklisensieringstribunaal verwys indien die Voorsittende Beampte dink dat—

- (a) die aangeleentheid ’n feitegeskil behels;
- (b) die aangeleentheid ingewikkeld van aard is; of
- (c) dit in die openbare belang is om dit te doen.”.

5

Wysiging van artikel 21 van Wet 4 van 2008

7. Artikel 21 van die Hoofwet word gewysig—

10

(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) ’n Kworum vir ’n vergadering van die Dranklisensieringstribunaal is vier lede, met inbegrip van die Voorsittende Beampte of [**die**] ’n Adjunk-Voorsittende Beampte [**of hulle albei**].”;

(b) deur die volgende subartikel by te voeg:

15

“(4)(a) Indien ’n lid van die Dranklisensieringstribunaal, behalwe die Voorsittende Beampte, afwesig is van ’n vergadering van die Dranklisensieringstribunaal of onbeskikbaar is om die vergadering by te woon, mag die Voorsittende Beampte ’n vervangende lid versoek om as ’n lid waar te neem in die plek van die lid wat afwesig is.

20

(b) ’n Vervangende lid wat aldus as ’n lid waarneem, het die bevoegdheids en pligte van ’n lid.”.

Vervanging van artikel 22 van Wet 4 van 2008

8. Artikel 22 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Ottrekking van lid met botsende belang

25

22. (1) ’n Lid of vervangende lid van die Dranklisensieringstribunaal mag op geen vergadering of verhoor oor ’n aangeleentheid van die Tribunaal stem of dit bywoon of op enige wyse aan die verrigtinge daarvan deelneem nie [**en die Voorsittende Beampte mag nie ’n aangeleentheid oorweeg nie**] indien, met betrekking tot daardie aangeleentheid—

30

(a) hy of sy ’n familielid, vennoot of besigheidsdeelgenoot is van die aansoeker vir ’n lisensie of sertifisering, of enige ander reg of voorreg wat die Dranklisensieringstribunaal [**of die Voorsittende Beampte, na gelang van die geval,**] staan te verleen;

35

(b) hy of sy of sy of haar familielid, vennoot of besigheidsdeelgenoot ’n direkteur, lid of vennoot is van, of ’n finansiële belang of ander belang het in, die besigheid van die aansoeker vir ’n lisensie, sertifisering of enige ander reg of voorreg wat die Dranklisensieringstribunaal [**of die Voorsittende Beampte, na gelang van die geval,**] staan te verleen; of

40

(c) hy of sy enige belang het wat hom of haar verhinder om sy of haar funksies as lid of vervangende lid van die Dranklisensieringstribunaal op ’n billike, onbevooroordeelde en behoorlike wyse te verrig.

45

(1A) Die Voorsittende Beampte mag nie ’n aangeleentheid oorweeg nie indien, met betrekking tot daardie aangeleentheid—

(a) hy of sy ’n familielid, vennoot of besigheidsdeelgenoot is van die aansoeker vir ’n lisensie, sertifisering of enige ander reg of voorreg wat die Voorsittende Beampte staan te verleen;

50

(b) hy of sy of sy of haar familielid, vennoot of besigheidsdeelgenoot ’n direkteur, lid of vennoot is van, of ’n finansiële of ander belang het in, die besigheid van die aansoeker vir ’n lisensie, sertifisering of enige ander reg of voorreg wat die Voorsittende Beampte staan te verleen; of

55

(c) hy of sy enige belang het wat hom of haar verhinder om sy of haar funksies as Voorsittende Beampte op 'n billike, onbevooroordeelde en behoorlike wyse te verrig.

(2) Indien dit in enige stadium blyk dat 'n lid of 'n vervangende lid [of die Voorsittende Beampte, na gelang van die geval,] enige belang in subartikel (1) beoog, het of mag hê [~~—(a)~~] met betrekking tot 'n aangeleentheid wat deur die Dranklisensiëringstribunaal oorweeg moet word, moet daardie lid of vervangende lid die aard van sy of haar belang onverwyld [en] volledig openbaar en die vergadering of verhoor verlaat ten einde die oorblywende lede of vervangende lede in staat te stel om die aangeleentheid te bespreek en te bepaal of daardie lid of vervangende lid uitgesluit moet word van deelname aan die verrigtinge op sodanige vergadering of verhoor as gevolg van 'n botsing van belange.]; en

[(b)] (2A) Indien dit in enige stadium blyk dat die Voorsittende Beampte enige belang beoog in subartikel (1A) het of mag hê met betrekking tot 'n aangeleentheid wat deur die Voorsittende Beampte oorweeg moet word, moet hy of sy die aard van sy of haar belang onverwyld [en] volledig openbaar aan die Dranklisensiëringstribunaal, in welke geval die Tribunaal die aangeleentheid moet oorweeg.

(3) Die openbaring en besluit geneem deur die oorblywende lede of vervangende lede van die Dranklisensiëringstribunaal in subartikel [(2)(a)] (2) bedoel, moet in die notule van die betrokke verrigtinge aangeteken word.

(4) Die openbaring bedoel in subartikel (2A) deur die Voorsittende Beampte moet in die notule van die verrigtinge van die Dranklisensiëringstribunaal aangeteken word.”

Wysiging van artikel 24 van Wet 4 van 2008

9. Artikel 24 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Die Voorsittende Beampte mag een of meer komitees aanstel wat bestaan uit die Voorsittende Beampte self of [die] 'n Adjunk-Voorsittende Beampte en enige lid of enige persoon wat ingevolge artikel 20(5) gekoöpteer is.”;

(b) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

“(1A) Ondanks subartikel (7) en artikel 20(6) het 'n persoon gekoöpteer ingevolge artikel 20(5) wat as 'n lid van 'n komitee ingevolge subartikel (1) aangestel is die reg om te stem by enige vergadering van die komitee wanneer die komitee enige funksie van die Dranklisensiëringstribunaal beoog in artikel 89(7) en wat ingevolge subartikel (3)(c) na die komitee gedelegeer word, verrig.”;

(c) deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

“(2A)(a) Indien 'n lid van 'n komitee afwesig is van 'n vergadering van die komitee of onbeskikbaar is om die vergadering by te woon, mag die Voorsittende Beampte 'n vervangende lid versoek om as 'n lid van die komitee in die plek van die lid wat afwesig is, waar te neem.

(b) 'n Vervangende lid wat aldus as 'n lid van 'n komitee waarneem, het die bevoegdhede en pligte van 'n lid van die komitee.”; en

(d) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Die Dranklisensiëringstribunaal mag die funksies van die Dranklisensiëringstribunaal—

(a) wat in artikels 52, 64, 65, 66 en 71 uiteengesit word; of

(b) wat in artikel 89(7) beoog word, aan 'n komitee delegeer.”.

Wysiging van artikel 25 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 21 van Wet 10 van 2010

10. Artikel 25 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Die Minister moet, vir 'n termyn deur hom of haar bepaal, 'n persoon, op 'n deelydse basis, aanstel met regs kwalifikasies gelykwaardig aan dié wat vir

toelating as prokureur, of advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika vereis word, en met ervaring in regspleging, om as Appèltribunaal op te tree om te beslis oor appèlle teen of aansoeke vir die hersiening van die besluite van—

- (a) die Dranklisensiëringstribunaal;
- (b) die Voorsittende Beampte; of
- (c) 'n Adjunk-Voorsittende Beampte wat funksies verrig wat deur die Voorsittende Beampte aan hom of haar gedelegeer is [ingevolge hierdie Wet].”.

Wysiging van artikel 27 van Wet 4 van 2008, soos vervang by artikel 23 van Wet 10 van 2010 10

11. Artikel 27 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Die lede van die Raad en die Dranklisensiëringstribunaal, die persoon wat aangestel word om as die Appèltribunaal op te tree, vervangende lede en persone wat ingevolge artikel 11(1) of 20(5) gekoöpteer is, is geregtig om redelike besoldiging en toelaes te ontvang soos deur die Minister, in oorleg met die Minister verantwoordelik vir finansies in die Provinsie, bepaal.”.

Vervanging van artikel 30 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 26 van Wet 10 van 2010

12. Artikel 30 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang: 20

“Inkomste wat aan Provinsiale Inkomstefonds, Owerheid of munisipaliteite toeval

30. (1) Die fooie bedoel in [artikels] artikel [46(2), 48(1) en (4),] 63(2) en (2B) [65(16)] moet in die Provinsiale Inkomstefonds gestort word. 25

- (2) Die volgende geld moet aan die Owerheid betaal word—
- (a) boetes bedoel in artikels 20(3)(b)(v) en 82(2)(b);
- (b) die [strafgelde] boetes bedoel in [artikel] artikels 46(6), 48(10), 62(3), 63(4), 64(4), 65(19) en 66(8); [en]
- (c) fooie bedoel in artikels 26(8), 36(1)(e), 38, 46(2), 48(1), 48(4), 53(1), 59(7), 64(1), 65(4), [en 65(9)] 65(16), 66(2) en 66(6). 30
- (3) Die fooie bedoel in artikel 37(4)(a)(i) en (b)(i) moet aan die betrokke munisipaliteit betaal word.
- (4) Geen bedrag in hierdie artikel beoog is terugbetaalbaar nie.”.

Wysiging van artikel 33 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 29 van Wet 10 van 2010 35

13. Artikel 33 van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) 'n lisensie vir die verkoop van drank vir verbruik op of buite, of beide op en buite, die perseel waar drank by [spesiale] geleenthede verkoop word; en”.

Wysiging van artikel 41 van Wet 4 van 2008

14. Artikel 41 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
 - “Die Dranklisensiëringstribunaal of Voorsittende Beampte mag by die oorweging van 'n aansoek kennis neem van—”; en
- (b) deur paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
 - “(c) behoudens artikel 23(9)[,]—
 - (i) die nabyheid van die voorgestelde gelisensieerde perseel aan 'n onderneming wat die besigheid van 'n diensstasie bedryf wat petrol, diesel of ander petroleumprodukte aan die publiek verkoop; en

- (ii) enige ander aangeleentheid wat na die Dranklisensierings-tribunaal of Voorsittende Beampte se mening in aanmerking geneem moet word.”.

Wysiging van artikel 42 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 36 van Wet 10 van 2010

5

15. Artikel 42 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur die volgende subartikel na subartikel (4) in te voeg:

“(4A) Die Dranklisensieringstribunaal mag die voorwaardelike toestaan van ’n lisensie intrek indien hy bewus word van wesenlike feite waarvan hy onbewus was toe die lisensie voorwaardelik toegestaan is en hy tevrede is dat, sou hy toe bewus gewees het van daardie feite, hy nie die lisensie voorwaardelik sou goedkeur nie.”; en

10

(b) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

“(7) Wanneer die Voorsittende Beampte oortuig is dat die aansoeker voldoen het aan die voorwaardes wat deur die Dranklisensieringstribunaal opgelê is, moet die Owerheid die lisensie uitreik soos voorgeskryf, behoudens artikel 46.”.

15

Vervanging van artikel 48 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 38 van Wet 10 van 2010

16. Artikel 48 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

20

“Tydelike dranklisensies en dranklisensies vir [spesiale] geleenthede

48. (1) Die Voorsittende Beampte mag op versoek deur ’n lisensiehouer beoog in artikel [33(1)(b) of (d)] 33(1) [bedoel] en teen betaling van die voorgeskrewe fooi ’n tydelike dranklisensie vir die gebruik van net daardie lisensiehouer toestaan.

25

(1A) ’n Aansoek vir ’n tydelike [lisensie] dranklisensie moet binne die voorgeskrewe tydperk gedoen word [minstens veertien (14) dae vóór die eerste dag van die tydperk bedoel in subartikel (2)].

(2) Die Voorsittende Beampte mag nie ’n tydelike dranklisensie kragtens subartikel (1) aan ’n bepaalde [persoon] lisensiehouer vir ’n tydperk langer as veertien (14) opeenvolgende dae en vir meer as ’n totaal van dertig (30) dae per jaar beginnende op 1 Januarie toestaan nie.

30

(3) ’n Tydelike dranklisensie moet onderworpe gemaak word aan die [voorgeskrewe] voorwaardes bedoel in artikel 49, waar van toepassing, en die ander voorwaardes en beperkings wat die Voorsittende Beampte oplê.

35

(4) Die Voorsittende Beampte mag op aansoek deur[—

(a) ’n opvoedkundige instelling, uitgesonderd ’n skool soos omskryf in artikel 1 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996);

40

(b) ’n welsyns- of kultuurorganisasie;

(c) die organiseerder van ’n uitstalling;

(d) die sekretaris, bestuurder of hoofbaanbeampte van ’n bona fide-wedren of -sportbyeenkoms of soortgelyke geleentheid; of

(e) die organiseerder van ’n kunsuitvoering, ’n persoon op die voorgeskrewe wyse en teen betaling van die voorgeskrewe fooi ’n dranklisensie vir ’n [spesiale] geleentheid toestaan vir die verkoop van drank vir verbruik op of buite, of beide op en buite, die perseel waarop drank by ’n [spesiale] geleentheid verkoop word.

45

(5) ’n Aansoek om ’n dranklisensie vir ’n [spesiale] geleentheid moet [minstens veertien (14) dae vóór die datum van die spesiale geleentheid] binne die voorgeskrewe tydperk gedoen word.

50

(6) ’n Dranklisensie vir ’n [spesiale] geleentheid mag nie toegestaan word vir ’n tydperk wat die duur van die betrokke [spesiale] geleentheid oorskry nie.

55

(7) ’n Dranklisensie vir ’n [spesiale] geleentheid [is] moet onderworpe gemaak word aan die voorwaardes in artikel 49 bedoel,

waar van toepassing, en die ander voorwaardes en beperkings wat deur die [Dranklisensieringstribunaal] Voorsittende Beampte opgelê word.

(8) Drank mag kragtens 'n dranklisensie vir 'n geleentheid verkoop word slegs by die geleentheid waarvoor die lisensie toegestaan is en slegs op die perseel goedgekeur ingevolge die lisensie.

(9) Die Voorsittende Beampte mag enige bykomende inligting van 'n aansoeker om 'n tydelike dranklisensie of dranklisensie vir 'n geleentheid versoek met die doel om die aansoek te oorweeg.

(10) Die Voorsittende Beampte mag die laat indiening van 'n aansoek om 'n tydelike dranklisensie of 'n dranklisensie vir 'n geleentheid kondoneer by aanvoering van goeie redes en by betaling van 'n boete van 100% van die voorgeskrewe aansoekfooi vir elke dag dat die aansoek laat ingedien word.

(11) Ten einde vas te stel of goeie redes soos beoog in subartikel (10) bestaan, mag die Voorsittende Beampte die volgende oorweeg—

(a) of kondonering in die openbare belang sal wees;

(b) of kondonering nadelig sal wees vir die administratiewe funksie van die Owerheid; en

(c) of daar wesenlik aan die Wet voldoen is.

(12) Die Voorsittende Beampte mag nie 'n tydelike dranklisensie of dranklisensie vir 'n geleentheid toestaan nie tensy 'n bestuurder vir die betrokke gelisensieerde besigheid aangestel is en die aanstelling ingevolge artikel 52 goedgekeur is.

(13) Die Voorsittende Beampte mag te eniger tyd, by aanvoering van goeie redes, by 'n kennisgewing wat afgelewer of aangebied word aan die houer van 'n tydelike dranklisensie of 'n dranklisensie vir 'n geleentheid—

(a) die lisensie onderworpe verklaar aan die voorwaardes of beperkings, of die verdere voorwaardes of beperkings, wat hy of sy na goëddunke mag oplê en wat uiteengesit word in die kennisgewing;

(b) enige voorwaarde of beperking wat ten opsigte van die lisensie opgelê is, opskort, intrek of wysig; of

(c) die lisensie opskort of intrek.

(14) Vir die doeleindes van subartikel (13) mag die Voorsittende Beampte kennis neem van enige van die volgende—

(a) vertoë wat gerig is ten gunste van of teen die toestaan van 'n tydelike dranklisensie of 'n dranklisensie vir 'n geleentheid vóór dit toegestaan is en enige antwoord op sodanige vertoë;

(b) enige verslag wat by 'n aangewese drankbeampte, 'n inspekteur of 'n munisipale beampte ingedien is;

(c) enige klagte wat by die Voorsittende Beampte ingedien is betreffende die optrede van die gelisensieerde besigheid;

(d) vertoë deur die betrokke lisensiehouer of enige ander persoon;

(e) enige ander aangeleentheid verwys na die Voorsittende Beampte deur die Hoof-Uitvoerende Beampte of wat die Voorsittende Beampte ingevolge hierdie Wet mag of moet oorweeg.

(15) 'n Oortreding van, of 'n versuim om te voldoen aan, subartikel (8) of enige voorwaarde of beperking beoog in subartikel (3), (7) of (13)(a) is 'n misdryf.''

Wysiging van artikel 51 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 40 van Wet 10 van 2010

17. Artikel 51 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

“(7) 'n Lisensiehouer mag nie die lisensie aan 'n ander persoon verhuur, toelaat dat 'n ander persoon sake ingevolge die lisensie doen of 'n ander persoon toelaat om die gelisensieerde perseel te gebruik nie tensy die lisensiehouer, by aansoek, die toestemming van die Voorsittende Beampte bekom het.’’;

- (b) deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(8) Die Voorsittende Beampte mag nie ’n aansoek vir verhuring toestaan in die geval van ’n lisensie wat die reg om te mikrovervaardig insluit nie tensy hy of sy oortuig is dat die persoon aan wie dit die voorneme is om die gelisensieerde perseel of deel daarvan te verhuur of wat toegelaat staan te word om die perseel vir die doeleindes van mikrovervaardiging te gebruik—
- (a) nie ingevolge artikel 35 gediskwalifiseer word om ’n lisensie te hou nie;
- (b) van goeie karakter is; **[of] en**
- (c) gepas onderrig en opgelei is of sal word, of een of meer werknemers in diens sal hê wat gepas onderrig en opgelei is of sal word om die gelisensieerde besigheid te bestuur.”; en
- (c) deur die volgende subartikel na subartikel (8) in te voeg:
- “(8A) Die Voorsittende Beampte mag nie ’n aansoek om verhuring toestaan in die geval van ’n lisensie buiten dié wat in subartikel (8) beoog word nie, tensy hy of sy oortuig is dat—
- (a) die aansoek deur uitsonderlike omstandighede ondersteun word; en
- (b) die persoon aan wie die gelisensieerde perseel of deel daarvan verhuur staan te word—
- (i) nie ingevolge artikel 35 gediskwalifiseer word om ’n dranklisensie te hou nie;
- (ii) van goeie karakter is;
- (iii) gepas onderrig en opgelei is of sal word, of een of meer werknemers in diens sal hê wat gepas onderrig en opgelei is of sal word om die gelisensieerde besigheid te bestuur.”.

Wysiging van artikel 52 van Wet 4 van 2008

18. Artikel 52 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:
- “(1A) Die Voorsittende Beampte mag, wanneer hy of sy—
- (a) ’n tydelike dranklisensie kragtens artikel 48(1) toestaan;
- (b) ’n dranklisensie vir ’n geleentheid kragtens artikel 48(4) toestaan;
- (c) kragtens artikel 49(6) optree;
- (d) kragtens artikel 53(1) optree; of
- (e) toestemming ingevolge artikel 65(5) verleen, die aanstelling van ’n natuurlike persoon wat benoem word deur die aansoeker vir die lisensie, die lisensiehouer of die voorgestelde lisensiehouer, na gelang van die geval, as bestuurder van die gelisensieerde besigheid goedkeur.”;
- (b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(2) ’n Lisensiehouer **[wat nie ’n natuurlike persoon is nie,]** mag te eniger tyd en op die voorgeskrewe wyse ’n natuurlike persoon wat in die Provinsie woon, benoem om die bestuurder van die gelisensieerde besigheid te wees, en in so ’n geval mag die Dranklisensieëringstribunaal of die Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, daardie persoon se aanstelling as bestuurder goedkeur.”;
- (c) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(4) Die Dranklisensieëringstribunaal of die Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, mag nie goedkeuring verleen dat ’n persoon wat ingevolge artikel 35 gediskwalifiseer word om ’n dranklisensie te hou of wat nie van goeie karakter is nie, as bestuurder aangestel word nie.”;
- (d) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(5) Die Dranklisensieëringstribunaal of die Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, mag gelas dat die voorgestelde bestuurder die opleiding en onderrig wat die Dranklisensieëringstribunaal spesifiseer, moet ontvang as ’n voorvereiste vir die goedkeuring van sodanige aanstelling.”;
- (e) deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(8) Die goedkeuring van die aanstelling van ’n bestuurder ingevolge subartikel (1), (1A) of (2) bly geldig tot die aanstelling van ’n nuwe

- bestuurder of die verstryking van die tydperk waarvoor die lisensie toegestaan of toestemming verleen is, na gelang van die geval.”;
- (f) deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang: 5
 “(9) Indien ’n persoon wie se aanstelling as bestuurder ingevolge subartikel (1), (1A) of (2) goedgekeur is, ophou om die gelisensieerde besigheid te bestuur of gediskwalifiseer word om dit te doen, moet die lisensiehouer binne dertig (30) dae vanaf daardie gebeurtenis, ingevolge subartikel (2) aansoek doen vir goedkeuring van die aanstelling van ’n bestuurder in sy of haar plek.”;
- (g) deur subartikel (10) deur die volgende subartikel te vervang: 10
 “(10) Indien ’n lisensiehouer versuim om aan subartikel (9) te voldoen, mag [sy] die lisensie ingevolge artikel 20(3)(b)(ii) ingetrek of ingevolge artikel 20(3)(b)(iii) opgeskort word.”; en
- (h) deur die volgende subartikel by te voeg: 15
 “(11) In hierdie artikel beteken “lisensiehouer” ook die houër van ’n dranklisensie vir ’n geleentheid.”.

Wysiging van artikel 56 van Wet 4 van 2008

19. Artikel 56 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur paragraaf (b) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang: 20
 “(b) ’n kamer of plek wat die Dranklisensieringstribunaal of Voorsittende Beampte afgebaken het as ’n gebied waarin persone onder die ouderdom van agtien (18) jaar nie toegelaat word nie; en”;
- (b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: 25
 “(3) ’n Persoon onder die ouderdom van agtien (18) jaar mag toegang tot ’n beperkte gebied hê op ’n gelisensieerde perseel waar drank verkoop word vir verbruik buite die gelisensieerde perseel slegs indien vergesel óf deur ’n ouer of voog óf deur ’n volwassene met die toestemming van ’n ouer of voog van daardie persoon.”.

Wysiging van artikel 59 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 43 van Wet 10 van 2010 30

20. Artikel 59 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: 35
 “(3) Indien ’n munisipaliteit nie die handelsdae en -ure bepaal het vir gelisensieerde besighede wat drank verkoop vir verbruik op of buite die gelisensieerde perseel nie is die handelsdae en -ure vir so ’n besigheid dié wat te eniger tyd deur die Dranklisensieringstribunaal of die Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, as ’n deel van die voorwaardes van die betrokke lisensie goedgekeur word.”;
- (b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang: 40
 “(4) Indien ’n munisipaliteit nie die handelsdae en -ure bepaal het vir gelisensieerde besighede wat drank verkoop vir verbruik op of buite die gelisensieerde perseel nie mag die Voorsittende Beampte te eniger tyd by aansoek deur die lisensiehouer van so ’n besigheid, by ’n kennisgewing wat afgelewer of aangebied word aan die lisensiehouer, die handelsdae en -ure vir daardie besigheid verleng.”; 45
- (c) deur die volgende subartikel na subartikel (4) in te voeg: 50
 “(4A) Die handelsdae en -ure vir ’n gelisensieerde besigheid mag nie goedgekeur word of verleng word ingevolge subartikel (3) of (4) na ’n tyd later as 20:00 ten opsigte van ’n lisensie vir die verkoop van drank vir verbruik buite die gelisensieerde perseel en later as 02:00 die volgende dag ten opsigte van ’n lisensie vir die verkoop van drank vir verbruik op die gelisensieerde perseel nie.”;
- (d) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang: 55
 “(5) Die Voorsittende Beampte moet die maatstawwe bedoel in artikel 34(1)(a) en (e) in ag neem by die oorweging van ’n aansoek ingevolge subartikel (4).”;
- (e) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

- “(6) Die [Raad] Owerheid moet, binne die voorgeskrewe tydperk ná die toestaan of weiering van ’n aansoek ingevolge subartikel (4) gedoen, die aansoeker in kennis stel van die besluit van die [Dranklisensieringstribunaal] Voorsittende Beampte.”;
- (f) deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang: 5
 “(8) Behoudens artikel 89(10), is ’n lisensiehouer wat drank op die gelisensieerde perseel verkoop of verskaf, of die verbruik van drank daarop toelaat, op ’n tyd wanneer die verkoop van drank nie ingevolge subartikel (1) [of], (3) of (4) toegelaat word nie, skuldig aan ’n misdryf.”; en 10
- (g) deur die volgende subartikel by te voeg:
 “(9) Waar ’n lisensie beoog in artikel 89(10) outomaties ingevolge artikel 63 hernu word en indien die betrokke munisipaliteit nie die handelsdae en -ure bepaal het nie vir gelisensieerde besighede wat drank verkoop vir verbruik op of buite die gelisensieerde perseel, na gelang van die geval, is die handelsure op enige dag waarop die lisensiehouer ingevolge die bepalings van die betrokke lisensie gemagtig is om drank te verkoop, beperk tot— 15
- (a) in die geval van ’n lisensie vir die verkoop van drank vir verbruik buite die gelisensieerde perseel, nie later nie as 20:00 op daardie dag; en 20
- (b) in die geval van ’n lisensie vir die verkoop van drank vir verbruik op die gelisensieerde perseel, nie later nie as 02:00 die volgende dag.”.

Wysiging van artikel 60 van Wet 4 van 2008

21. Artikel 60 van die Hoofwet word gewysig— 25
- (a) deur subartikel (3) te skrap; en
- (b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(4) ’n Oortreding van, of versuim om te voldoen aan, subartikel (1), [of] (2) [of (3)] is ’n misdryf.”.

Wysiging van artikel 62 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 44 van Wet 10 van 2010 30

22. Artikel 62 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur paragraaf (c) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(c) op die datum deur die Dranklisensieringstribunaal of die Voorsittende Beampte bepaal wanneer [hy] die lisensie [intrek] 35
ingetrek word.”;
- (b) deur paragraaf (d) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(d) waar geldigheid reeds aan die lisensie verleen is, op die datum waarop die Appèltribunaal of ’n hof die besluit om die lisensie toe te staan of uit te reik tersyde stel; of”;
- (c) deur paragraaf (b) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(b) waar die lisensie verval het in die omstandighede in subartikel (2)(b) beoog, die besluit deur die Dranklisensieringstribunaal of die Voorsittende Beampte om daardie lisensie in te trek, deur die Appèltribunaal of ’n hof, na gelang van die geval, 45
 tersyde gestel word; of”;
- (d) deur paragraaf (c) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(c) waar die lisensie verval het in die omstandighede in subartikel (2)(d) beoog, die besluit deur die Appèltribunaal of die hof, na gelang van die geval, om die besluit om daardie lisensie toe 50
 te staan of uit te reik tersyde te stel op appèl of hersiening tersyde gestel word.”.

Vervanging van artikel 63 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 45 van Wet 10 van 2010

23. Artikel 63 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Outomatiese hernuwing van lisensies

63. (1) Die Owerheid moet ’n jaarlikse hernuwingskennisgewing in die voorgeskrewe vorm uitreik nie later nie as 31 Oktober van die jaar wat die jaar ten opsigte waarvan die voorgeskrewe hernuwingsfooi betaal moet word, voorafgaan. 5

(2) By betaling van die voorgeskrewe jaarlikse hernuwingsfooi word die lisensie outomaties hernu tot 31 Desember van die jaar ten opsigte waarvan die hernuwingsfooi betaal is. 10

(2A) Ondanks subartikels (1) en (2) mag ’n lisensiehouer op die voorgeskrewe wyse inteken op ’n tweejaarlikse hernuwingsiklus, in welke geval die Owerheid ’n tweejaarlikse hernuwingskennisgewing moet uitreik, in die voorgeskrewe vorm, nie later nie as 31 Oktober van die jaar wat die eerste jaar van die tweejaartydperk voorafgaan, ten opsigte waarvan die voorgeskrewe tweejaarlikse hernuwingsfooi betaal behoort te word. 15

(2B) By betaling van die voorgeskrewe tweejaarlikse hernuwingsfooi is die lisensie outomaties hernu tot 31 Desember van die tweede jaar van die tweejaartydperk ten opsigte waarvan daardie fooie betaal is. 20

(3) Die lisensiehouer word nie van sy of haar verpligting om die voorgeskrewe hernuwingsfooi betyds te betaal, kwytgeskeld nie as die kennisgewing nie aan hom of haar gestuur of deur hom of haar ontvang is nie. 25

(4) ’n Lisensiehouer wat versuim om die voorgeskrewe hernuwingsfooi te betaal voor of op die laaste dag van Februarie van die jaar of die eerste jaar van die tweejaartydperk, na gelang van die geval, ten opsigte waarvan dit betaal moes gewees het, mag voor of op 31 Maart van daardie jaar skriftelik aansoek doen by die Hoof-Uitvoerende Beampte om daardie versuim te kondoneer, en die Hoof-Uitvoerende Beampte mag die versuim kondoneer en die laat betaling van die voorgeskrewe hernuwingsfooi toelaat teen ’n datum wat die Owerheid moet bepaal, behoudens die betaling van die hernuwingsfooi plus ’n boete van 150%. 30 35

(5) Indien die Hoof-Uitvoerende Beampte ingevolge subartikel (4) kondonering toegestaan het en die voorgeskrewe hernuwingsfooi en boete betaal is, word die lisensie geag hernu te wees vanaf 31 Desember van die jaar wat die jaar ten opsigte waarvan die hernuwingsfooi betaal moes word, voorafgaan of wat die eerste jaar van die tweejaartydperk voorafgaan, na gelang van die geval. 40

(6) Indien die lisensiehouer versuim om die voorgeskrewe hernuwingsfooi en die boete ingevolge subartikel (4) opgelê te betaal, word die lisensie geag te verval het op 1 Januarie van die jaar of die eerste jaar van die tweejaartydperk, na gelang van die geval, ten opsigte waarvan die voorgeskrewe hernuwingsfooi betaal moes word.”. 45

Wysiging van artikel 64 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 46 van Wet 10 van 2010

24. Artikel 64 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang: 50

“(7) Indien die Dranklisensieëringstribunaal ’n aansoek vir die hernuwing van die lisensie toestaan, word die lisensie, by betaling van die voorgeskrewe hernuwingsfooi, geag hernu te wees ingevolge artikel 63(2) of (2B), na gelang van die geval.”.

Wysiging van artikel 65 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 49 van Wet 10 van 2010

25. Artikel 65 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur subartikel (12) deur die volgende subartikel te vervang: 5
 “(12) Die Dranklisensiëringstribunaal moet die aansoek binne die voorgeskrewe tydperk óf weier óf toestaan [**binne die voorgeskrewe tydperk**] óf voorwaardelik toestaan onderhewig aan die voorwaardes wat die Dranklisensiëringstribunaal mag bepaal.”
- (b) deur die volgende subartikels na subartikel (12) in te voeg: 10
 “(12A) Die Dranklisensiëringstribunaal moet, wanneer hy ’n aansoek voorwaardelik toestaan, ’n tydperk vermeld waarbinne die voorgestelde lisensiehouer aan die voorwaardes bedoel in subartikel (12) moet voldoen.
 (12B) Die Dranklisensiëringstribunaal mag te eniger tyd, by aansoek deur die voorgestelde lisensiehouer, die voorwaardes wysig of intrek. 15
 (12C) Die Voorsittende Beampte mag te eniger tyd, by aansoek deur die voorgestelde lisensiehouer, die tydperk vermeld ingevolge subartikel 12(A) verleng.”;
- (c) deur die volgende subartikels na subartikel (13) in te voeg: 20
 “(13A) Indien die voorgestelde lisensiehouer versuim om binne die tydperk bedoel in subartikel (12A) of die verlengde tydperk ingevolge subartikel (12C) te voldoen aan die voorwaardes wat deur die Dranklisensiëringstribunaal opgelê is, verval die voorwaardelike toestaan van die aansoek en word die aansoek om oordrag geag geweier te wees. 25
 (13B) Wanneer die Voorsittende Beampte oortuig is dat die voorgestelde lisensiehouer voldoen het aan die voorwaardes wat deur die Dranklisensiëringstribunaal opgelê is, moet die Voorsittende Beampte die aansoek om die oordrag van die lisensie toestaan.”;
- (d) deur subartikel (14) deur die volgende subartikel te vervang: 30
 “(14) Die Dranklisensiëringstribunaal of die Voorsittende Beampte mag, by die toestaan van ’n aansoek vir oordrag, gelas dat die voorgestelde lisensiehouer, of een of meer werknemers van daardie persoon, onderrig en opleiding moet ontvang soos deur die Dranklisensiëringstribunaal gelas.”; 35
- (e) deur subartikel (15) deur die volgende subartikel te vervang: 40
 “(15) Die Owerheid moet die voorgestelde lisensiehouer binne die voorgeskrewe tydperk nadat die Dranklisensiëringstribunaal of die Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, ’n aansoek vir oordrag van ’n lisensie toegestaan het, skriftelik in kennis stel dat die aansoek toegestaan is.”;
- (f) deur subartikel (17) deur die volgende subartikel te vervang: 45
 “(17) Die Owerheid moet binne die voorgeskrewe tydperk na die betaling van die voorgeskrewe fooi in subartikel [4] (16) bedoel [**en behoudens artikels 42, 43, 44, 45 en 53(1) en (2)**] ’n sertifikaat van oordrag, wat die voorwaardes van die lisensie soos deur die Dranklisensiëringstribunaal ingevolge artikel 20(3)(a) opgelê, uiteensit, in die voorgeskrewe vorm aan die voorgestelde lisensiehouer uitreik.”; en
- (g) deur subartikel (21) deur die volgende subartikel te vervang: 50
 “(21) Die Dranklisensiëringstribunaal of die Voorsittende Beampte mag [**na goeddunke**] ’n aansoek vir oordrag toestaan ten gunste van ’n eksekuteur, trustee, kurator of likwidateur, of aan sodanige ander persoon wat die Dranklisensiëringstribunaal of die Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, [**geskik ag**] mag bepaal.”. 55

Wysiging van artikel 66 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 50 van Wet 10 van 2010

26. Artikel 66 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur die woord “spesiale”, waar dit ook al voorkom, te skrap;
- (b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang: 60

- “(4) Die Dranklisensieringstribunaal moet elke aansoek vir die verwydering van ’n lisensie oorweeg en mag—
- (a) die aansoek weier; **[of]**
- (b) die aansoek toestaan; **of**
- (c) die aansoek voorwaardelik toestaan behoudens die voorwaardes wat die Dranklisensieringstribunaal mag bepaal.”;
- (c) deur na subartikel (4) die volgende subartikels in te voeg:
- “(4A) Die Dranklisensieringstribunaal moet wanneer hy ’n aansoek voorwaardelik toestaan ’n tydperk vermeld waarbinne die lisensiehouer aan die voorwaardes bedoel in subartikel (4)(c) moet voldoen. 10
- (4B) Die Dranklisensieringstribunaal mag te eniger tyd, by aansoek deur die lisensiehouer, die voorwaardes wysig of intrek.
- (4C) Die Voorsittende Beampte mag te eniger tyd, by aansoek deur die lisensiehouer, die tydperk vermeld ingevolge subartikel (4A) verleng. 15
- (4D) Indien die lisensiehouer versuim om binne die tydperk bedoel in subartikel (4A) of die verlengde tydperk ingevolge subartikel (4C) aan die voorwaardes bedoel in subartikel (4)(c) te voldoen, verval die voorwaardelike toestaan van die aansoek en word die aansoek om verwydering geag geweier te wees. 20
- (4E) Wanneer die Voorsittende Beampte oortuig is dat die lisensiehouer aan die voorwaardes bedoel in subartikel (4)(c) voldoen het, moet die Voorsittende Beampte die aansoek om die verwydering van die lisensie toestaan.”;
- (d) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang: 25
- “(5) Die Owerheid moet, binne die voorgeskrewe tydperk nadat die Dranklisensieringstribunaal of die Voorsittende Beampte ’n aansoek om die verwydering van ’n lisensie toegestaan het, maar behoudens subartikel (10), die aansoeker skriftelik in kennis stel dat die aansoek toegestaan is.”; en
- (e) deur subartikel 13 deur die volgende subartikel te vervang: 30
- “(13) Indien ’n aansoek vir die verwydering van ’n lisensie deur die Dranklisensieringstribunaal of die Voorsittende Beampte toegestaan word ten opsigte van ’n perseel wat nog nie opgerig is nie, of ’n perseel waaraan enige strukturele verandering, aanbouing of verbouing aangebring moet word ten einde dit geskik te maak vir die doeleindes waarvoor dit kragtens die lisensie gebruik sal word, moet die Owerheid in die kennisgewing beoog in subartikel (5), die lisensiehouer gelas om aan die voorwaardes of vereistes in die kennisgewing bedoel, wat die Voorsittende Beampte ten opsigte van daardie perseel bepaal, te voldoen binne die tydperk wat die Voorsittende Beampte bepaal.”. 40

Wysiging van artikel 67 van Wet 4 van 2008

27. Artikel 67 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) ’n Persoon ingevolge subartikel [(1)(b)] (1) aangestel, word geag die lisensiehouer te wees.”. 45

Vervanging van artikel 68 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 51 van Wet 10 van 2010

28. Artikel 68 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Appèlle en hersienings na Appèltribunaal

68. (1) Die Appèltribunaal moet enige appèl teen, of aansoek vir die hersiening van, ’n besluit van die Dranklisensieringstribunaal **[ingevolge artikel 20(3)]**, die Voorsittende Beampte of ’n Adjunk-Voorsittende Beampte oorweeg. 50

(2) Die Appèltribunaal mag ’n besluit of bevel wat die onderwerp van ’n appèl of hersiening is, bevestig, wysig of tersyde stel en die besluit of bevel vervang, na gelang van die omstandighede. 55

(2A) 'n Aansoeker of belanghebbende wat deur 'n besluit van die Dranklisensiëringstribunaal, die Voorsittende Beampte of 'n Adjunk-Voorsittende Beampte benadeel is, kan [by] die Dranklisensiëringstribunaal, Voorsittende Beampte of Adjunk-Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, [aansoek doen] versoek om redes te verstrek vir daardie besluit. 5

(3) 'n Aansoeker of belanghebbende wat benadeel is deur 'n besluit van die Dranklisensiëringstribunaal, die Voorsittende Beampte of 'n Adjunk-Voorsittende Beampte mag binne die voorgeskrewe tydperk na ontvangs van redes vir [’n] die besluit [van die Dranklisensiëringstribunaal,] 'n kennisgewing van appèl of hersiening by die Dranklisensiëringstribunaal indien soos voorgeskryf. 10

[(4) Die appèl of hersiening moet aangehoor word asof dit 'n appèl na 'n Hoë Hof teen die uitspraak van 'n landdroshof in 'n siviele geding is, en enige reël van toepassing op sodanige siviele appèl is van toepassing met die nodige veranderinge.] 15

(5) Indien die Appèltribunaal 'n besluit ingevolge subartikel (2) tersyde stel, mag hy die aangeleentheid terugverwys na die Dranklisensiëringstribunaal, Voorsittende Beampte of Adjunk-Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, vir heroorweging met of sonder voorskrifte. 20

[(8) Die Appèltribunaal mag die bevel wat hy in die omstandighede goedvind, maak aangaande die betaling van die koste van die partye by die verrigtinge of van die Dranklisensiëringstribunaal.] 25

(9)(a) 'n Aansoeker of belanghebbende wat [benadeel is deur die besluit van die Owerheid] 'n kennisgewing van appèl of hersiening ingedien het, mag persoonlik voor die Appèltribunaal verskyn of kan daar verteenwoordig word deur 'n advokaat, prokureur of enige ander persoon wat namens hom of haar verskyn. 30

(b) Die Dranklisensiëringstribunaal mag verteenwoordig word deur die Voorsittende Beampte, 'n Adjunk-Voorsittende Beampte, 'n advokaat, 'n prokureur of enige ander persoon wat namens die Dranklisensiëringstribunaal verskyn. 35

(10) Indien 'n persoon wat behoorlik in kennis gestel is dat hy of sy by 'n vergadering van die Appèltribunaal teenwoordig moet wees, versuim om sodanige vergadering by te woon of die vergadering verlaat sonder die toestemming van die Appèltribunaal, mag die vergadering voortgaan in die afwesigheid van daardie persoon of mag die Appèltribunaal die stappe doen wat hy billik en regverdig ag in die omstandighede. 40

(11) Die Appèltribunaal moet, binne vyf maande na die einde van 'n boekjaar, 'n verslag oor sy aktiwiteite gedurende daardie boekjaar aan die Minister voorlê vir tertaaflegging in die Provinsiale Parlement.”.

Wysiging van artikel 69 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 52 van 2010

29. Artikel 69 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (12) deur die volgende subartikel te vervang: 45

“(12) Bewys van nievoldoening aan 'n voldoeningskennisgewing, op 'n vergadering van die Dranklisensiëringstribunaal, maak, by gebrek aan bewys in die teendeel, *prima facie*-bewys uit van die pleging van 'n misdryf of 'n oortreding van die lisensievoorwaardes in die voldoeningskennisgewing voorgeskryf.”. 50

Wysiging van artikel 73 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 54 van Wet 10 van 2010

30. Artikel 73 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: 55

“(1) Die [Wes-Kaapse] Provinsiale Kommissaris [van die Suid-Afrikaanse Polisie] mag ten opsigte van elke polisiekantoor [’n] een of meer [polisiebeampte met of bo die rang van Inspekteur] polisiebeamptes aanwys om die funksies van 'n aangewese drankbeampte ingevolge hierdie Wet te verrig.”; 60

- (b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(3) Die **[Wes-Kaapse]** Provinsiale Kommissaris **[van die Suid-Afrikaanse Polisiediens]** mag ’n aanstelling ingevolge subartikel (1) gemaak of geag gemaak te wees, te eniger tyd beëindig.”;
- (c) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang: 5
 “(5) Die Provinsiale Kommissaris moet by die aanwysing van ’n drankbeampte ingevolge subartikel (1), en die **[Raad]** Owerheid moet by die aanstelling van ’n inspekteur ingevolge subartikel (4), ’n sertifikaat van aanwysing of brief van aanstelling uitreik, onderteken deur die Provinsiale Kommissaris of die Hoof-Uitvoerende Beampte namens die **[Raad]** Owerheid, na gelang van die geval.”; en 10
- (d) deur die volgende subartikel by te voeg:
 “(8)(a) Die Provinsiale Kommissaris mag enige bevoegdheid of funksie van die Provinsiale Kommissaris ingevolge hierdie artikel skriftelik deleger aan enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens of enige ander persoon in diens van die Suid-Afrikaanse Polisiediens om namens hom of haar uit te oefen of te verrig. 15
 (b) Artikel 15 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens is van toepassing, met die nodige veranderinge, op ’n delegasie kragtens paragraaf (a).” 20

Wysiging van artikel 74 van Wet 4 van 2008

31. Artikel 74 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur die opskrif van artikel 74 deur die volgende opskrif te vervang:
“Bevoegdhede van aangewese drankbeamptes, vredesbeamptes en inspekteurs”; 25
- (b) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
 “Behoudens artikel 75 mag ’n aangewese drankbeampte, vredesbeampte of **[’n]** inspekteur by die verrigting van sy of haar funksies ingevolge hierdie Wet—” 30
- (c) deur subparagraaf (iii) in paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:
 “(iii) enige perseel of voertuig waarop of waarin hy of sy op redelike gronde vermoed drank geberg, vervoer of verkoop word strydig met die bepalinge van hierdie Wet,”; 35
- (d) deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(b) op enige tyd en plek enige persoon versoek om onverwyld of op ’n datum en tyd wat deur die aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur bepaal word, enige lisensie, rekord of ander dokument wat in die besit, bewaring of beheer van daardie persoon of enige ander persoon namens hom of haar is of vermoedelik is, aan hom of haar voor te lê;” 40
- (e) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(2) Enige persoon wat in beheer is van ’n perseel in subartikel (1) beoog, moet die bystand verleen wat die aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur redelikerwys versoek.”; 45
- (f) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(3) Enige persoon wat deur ’n aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur ondervra word ingevolge hierdie Wet moet eers ingelig word oor sy of haar grondwetlike regte voordat enige ondervraging begin, en enige antwoord daarna deur daardie persoon moet waar wees en na sy of haar beste vermoë wees.”; en 50
- (g) deur die woorde in subartikel (4) wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang: 55
 “’n Antwoord of verduideliking wat aan ’n aangewese drankbeampte, vredesbeampte of **[’n]** inspekteur gegee word, mag nie gebruik of toegelaat word in strafverrigtinge teen die persoon wat dit verskaf nie, behalwe in verrigtinge teen daardie persoon op ’n klag met betrekking tot—”. 60

Wysiging van artikel 75 van Wet 4 van 2008

32. Artikel 75 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(1) ’n Aangewese drankbeampte, vredesbeampte of [**n**] inspekteur mag ’n bevoegdheid in artikel 74 bedoel, uitoefen met betrekking tot die betreding, deursoeking en inspeksie van ’n perseel indien gemagtig deur ’n lasbrief uitgereik deur ’n landdros in ooreenstemming met subartikel (3).”;
- (b) deur subartikel (2) te skrap;
- (c) deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
 “’n Landdros mag ’n lasbrief uitreik om enige perseel bedoel in artikel 74(1)(a) te betree en te inspekteer indien, op grond van inligting wat skriftelik en onder eed of plegtige verklaring verstrekkend is, die landdros rede het om te glo dat—”;
- (d) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(4) ’n Aangewese drankbeampte, vredesbeampte of [**n**] inspekteur mag die bevoegdhede in subartikel (1) bedoel sonder ’n lasbrief uitoefen—
 (a) met die toestemming van die eienaar of die persoon in beheer van die betrokke perseel;
 (b) indien daar ’n uitstaande voldoeningskennisgewing is wat uitgereik is ingevolge artikel 69, met die doel om vas te stel of daar aan die kennisgewing voldoen is; of
 (c) indien die aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur op redelike gronde glo dat—
 (i) ’n lasbrief ingevolge subartikel (3) uitgereik sal word indien hy of sy daarvoor aansoek doen; en
 (ii) ’n vertraging in die verkryging van ’n lasbrief die oogmerke van die deursoeking of inspeksie sou verydel.”;
- (e) deur die volgende subartikel na subartikel (4) in te voeg:
 “(4A) ’n Aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur mag die bevoegdhede bedoel in subartikel (1) sonder ’n lasbrief uitoefen slegs ten opsigte van ’n gelisensieerde perseel en indien die inspeksie gedoen word om voldoening aan hierdie Wet of aan die lisensievoorwaardes te kontroleer.”;
- (f) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(5) By betreding van ’n perseel ingevolge hierdie artikel moet die aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur—
 (a) hom- of haarself identifiseer aan die persoon in beheer van die perseel;
 (b) die lasbrief, as daar een is, aan daardie persoon toon;
 (c) die gesag ingevolge waarvan die inspeksie gedoen word, verklaar; en
 (d) in die geval van ’n gelisensieerde perseel, die inspeksie doen met die mins moontlike ongerief vir die lisensiehouer of sy of haar kliënte en met die mins moontlike ontwrigting van die gelisensieerde besigheid.”;
- (g) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(6) ’n Aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur moet by die beslaglegging op enigiets ingevolge hierdie artikel, ’n kwitansie aan die persoon van wie daar op die artikel beslag gelê is, uitreik waarin die artikels waarop beslag gelê is, beskryf word en die redes vir die beslaglegging verduidelik word.”;
- (h) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(7) Artikels 30 tot 34 van die Strafproseswet is van toepassing, met die nodige veranderinge, op enigiets waarop daar ingevolge hierdie artikel beslag gelê is.”.

Vervanging van artikel 79 van Wet 4 van 2008

33. Artikel 79 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Misdrywe betreffende aangewese drankbeamptes, vredesbeamptes en inspekteurs

79. 'n Persoon wat— 5
- (a) hom of haar valslik as 'n aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur voordoën;
 - (b) 'n aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur by die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge hierdie Wet verhinder;
 - (c) weier of versuim om 'n wettige opdrag van 'n aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur te gehoorsaam; 10
 - (d) wanneer hy of sy deur 'n aangewese **[beampte]** drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur ondervra word, wetend 'n vals of misleidende antwoord gee; of
 - (e) versuim om te voldoen aan 'n redelike versoek deur 'n aangewese drankbeampte, vredesbeampte of **[’n]** inspekteur ingevolge artikel 74, 15
- is skuldig aan 'n misdryf.”.

Herroeping van artikel 81 van Wet 4 van 2008

34. Artikel 81 van die Hoofwet word herroep. 20

Wysiging van artikel 84 van Wet 4 van 2008, soos vervang by artikel 57 van Wet 10 van 2010

35. Artikel 84 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur in subartikel (1) die volgende paragrawe na paragraaf (k) in te voeg: 25
 - “(kA) 'n afslaer wat namens 'n munisipaliteit of die Suid-Afrikaanse Polisie diens optree, in die verrigting van sy of haar funksies;
 - (kB) die Suid-Afrikaanse Polisie diens of tersaaklike munisipaliteit, na gelang van die geval, ten opsigte van die verkoop van drank wat aan die Staat verbeur word soos beoog in artikel 87(4);”;
 - (b) deur paragraaf (d) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang: 30
 - “(d) namens die hoof van 'n opvoedkundige instelling[, **uitsluitend 'n skool soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996,**] in 'n restaurant gebruik vir die opleiding van personeel in spyseniersdienste op persele beset, beheer of onderhou deur die betrokke instelling, vir verbruik in daardie restaurant;”;
 - (c) deur paragraaf (e) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang: 35
 - “(e) as daardie persoon 'n **[versamelaar]** bona fide-versamelaar is van wyn of spiritus en daardie drank bestaan uit sy of haar versameling wyn of spiritus of enige deel daarvan; of”;
 - (d) deur paragraaf (f) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang: 40
 - “(f) as daardie persoon 'n **[gelisensieerde]** afslaer is wat optree namens 'n bona fide- kulturele of liefdadigheidsorganisasie, 'n opvoedkundige instelling[, **uitsluitend 'n skool soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996,**] of 'n versekeraar.”.

Vervanging van artikel 85 van Wet 4 van 2008 45

36. Artikel 85 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Bewys

85. (1) Indien daar in enige strafverrigtinge of op 'n vergadering van die Dranklisensieëringstribunaal getuienis voorgelê word dat 'n persoon wat nie gelisensieer of toegelaat is om drank ingevolge hierdie Wet of enige ander wet te verkoop nie— 50

- (a) op of naby sy of haar perseel 'n teken of kennisgewing gehad het wat te kenne gee dat drank daar te koop is of dat hy of sy 'n geldige lisensie hou om drank te verkoop;
- (b) 'n perseel beset of onder sy of haar beheer gehad het wat toegerus was op 'n wyse wat tot die redelike afleiding lei dat drank daar te koop was; 5
- (c) meer drank [**as die maksimum volume in artikel 60 bedoel,**] op sy of haar perseel of onder sy of haar beheer gehad het [**sonder die voorafverkreë toestemming wat by daardie artikel vereis word**] as wat redelik nodig was vir hom- of haarself, sy of haar gesin en sy of haar gaste, tensy daardie persoon 'n bona fide-versamelaar van wyn of spiritus is en daardie drank bestaan uit sy of haar versameling wyn of spiritus of 'n deel daarvan; of 10
- (d) meer drank [**as die maksimum volume in artikel 60 bedoel,**] gekoop of verkry het [**sonder die voorafverkreë toestemming wat by daardie artikel vereis word**] as wat redelik nodig was vir hom- of haarself, sy of haar gesin en sy of haar gaste, tensy daardie persoon 'n bona fide-versamelaar van wyn of spiritus is en daardie drank bestaan uit sy of haar versameling wyn of spiritus of 'n deel daarvan, 15 20
- is dit, by gebrek aan bewys van die teendeel wat redelike twyfel wek, prima facie-bewys van die verkoop van drank.
- (2) Indien in enige strafverrigtinge of op 'n vergadering van die Dranklisensieringstribunaal—
- (a) 'n verseëelde houer as bewys gelewer word wat 'n vloeistof bevat en op daardie houer daar 'n etiket of ander toestel is wat die alkoholinhoud van die vloeistof aandui, dan is dit, by gebrek aan bewys van die teendeel wat redelike twyfel wek, prima facie-bewys dat die vloeistof die verklaarde alkohol bevat, en indien die verklaarde alkoholinhoud meer as 1% alkohol per volume is, dat die vloeistof drank is; 25 30
- (b) meer as een houer as bewys gelewer word wat elkeen deel uitmaak van 'n voorraad of lot drank wat op dieselfde tyd op dieselfde plek aangetref is en daar bewys word dat een of meer sulke houers drank bevat, dan is dit, by gebrek aan bewys van die teendeel wat redelike twyfel wek, prima facie-bewys dat al die houers drank bevat; 35
- (c) 'n dokument as bewys gelewer word wat voorgee 'n afskrif van 'n lisensie of permit te wees, is dit by die blote voorlegging daarvan, by gebrek aan bewys van die teendeel wat redelike twyfel wek, prima facie-bewys van die lisensie of permit en word enige voorwaarde of endossement daarop of daaraan geheg geag 'n voorwaarde of endossement te wees wat ingevolge hierdie Wet opgelê is; 40
- (d) 'n verklaring of sertifikaat as bewys gelewer word wat voorgee deur 'n ontleder of chemikus in diens van die Regering van die Republiek of in diens van 'n universiteit of van 'n mediese navorsingsinstituut onderteken te wees, wat 'n ontleding gedoen het van 'n vloeistof of stof wat die onderwerp van die strafverrigtinge of vergadering is, is dié verklaring of sertifikaat, by gebrek aan bewys van die teendeel wat redelike twyfel wek, prima facie-bewys van die inhoud van die verklaring of sertifikaat; of 45 50
- (e) bewys gelewer word dat 'n lisensiehouer wat beskuldig word van 'n oortreding van artikel 54, versuim het om van 'n persoon onder die ouderdom van agtien (18) jaar— 55
- (i) sy of haar geldige identiteitsdokument;
- (ii) sy of haar geldige bestuurslisensie; of
- (iii) sy of haar geldige paspoort, te verkry,
- is sodanige bewys, by gebrek aan bewys van die teendeel wat redelike twyfel wek, prima facie-bewys van die feit dat die lisensiehouer kennis gedra het van die feit dat die persoon onder die ouderdom van agtien (18) jaar was.”. 60

Wysiging van artikel 87 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 58 van Wet 10 van 2010

37. Artikel 87 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: 5
 “(b) artikels 49(7), 50(2), 51(9), 53(4), 58(3), 59(8), 76(e), 76(f)[,] of 76(i) [of 81(4)] is by skuldigbevinding strafbaar met ’n boete van hoogstens R500 000,00 of met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens twee en ’n half jaar, of met sowel sodanige boete en sodanige gevangenisstraf;”;
- (b) deur paragraaf (d) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: 10
 “(d) artikels 23(13), 48(15), 56(5), 76(a), 76(d), 77, 78(1), 78(3), 79, 80(1) of 86(2) is met skuldigbevinding strafbaar met ’n boete van hoogstens R50 000,00 of met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens drie maande, of met sowel sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.”; 15
- (d) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(2) ’n Persoon wat skuldig bevind word aan ’n misdryf ingevolge hierdie Wet en wat nadat hy of sy van daardie misdryf aangekla is of nadat hy of sy aldus skuldig bevind is, na gelang van die geval, volgehou het of volhou met die handeling of versuim wat die misdryf uitgemaak het, pleeg ’n voortgesette misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met ’n boete van hoogstens R2000,00 of met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens dertig (30) dae, of met sowel sodanige boete en sodanige gevangenisstraf, ten opsigte van elke dag wat daardie persoon volhou met daardie handeling of versuim.”; 20 25
- (e) deur subartikel (3) te skrap; en
- (f) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(4)(a) Enige drank wat ingevolge die Strafproseswet aan die Staat verbeur word ten opsigte van ’n misdryf ingevolge hierdie Wet mag, behoudens die bepalings van daardie Wet, oor beskik word deur die verkoop daarvan by ’n openbare veiling deur— 30
 (i) die Suid-Afrikaanse Polisie diens, indien die vervolging van die misdryf deur daardie Diens aan die gang gesit is; of
 (ii) die tersaaklike munisipaliteit, indien die vervolging van die misdryf deur die munisipale polisie diens van daardie munisipaliteit aan die gang gesit is. 35
 (b) Die netto opbrengs van enige verkoop beoog in paragraaf (a) moet in die Nasionale Inkomstefonds of die tersaaklike bankrekening van die munisipaliteit gestort word, na gelang van die geval.”

Wysiging van artikel 88 van Wet 4 van 2008 40

38. Artikel 88 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur in subartikel (1) na paragraaf (b) die volgende paragraaf in te voeg:
 “(bA) die hernuwing van lisensies;” en
- (b) deur paragraaf (d) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: 45
 “(d) die [beskikking oor drank wat aan die Staat verbeur word ingevolge artikel 87(2)] verkoop van verbeurde drank per openbare veiling soos beoog in artikel 87(4); of”.

Wysiging van indeks van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 1 van Wet 10 van 2010

39. Die indeks voor artikel 1 van die Hoofwet word gewysig— 50
- (a) deur die verwysing na die opskrif van artikel 17 deur die volgende item te vervang:
 “17. Diskwalifisering vir aanstelling as lid of vervangende lid van Dranklisensieëringstribunaal”; 55
- (b) deur die verwysing na die opskrif van artikel 48 deur die volgende item te vervang:
 “48. Tydelike dranklisensies en dranklisensies vir [spesiale] geleentede”;

- (c) deur die verwysing na die opskrif van artikel 74 deur die volgende item te vervang:
“74. Bevoegdhede van aangewese drankbeampes, vredesbeampes en inspekteurs”;
- (d) deur die verwysing na die opskrif van artikel 79 deur die volgende item te vervang: 5
“79. Misdrywe betreffende aangewese drankbeampes, vredesbeampes en inspekteurs”; en
- (e) deur die verwysing na artikel 81 te skrap.

Kort titel en inwerkingtreding 10

40. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Drankwysigingswet, 2015, en tree in werking op 'n datum wat die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WES-KAAPSE DRANKWYSIGINGSWETSONTWERP, 2015

1. AGTERGROND

- 1.1 Sedert die inwerkingtreding van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008), en die Wes-Kaapse Drankwysigingswet, 2010 (Wet 10 van 2010), is talle praktiese uitdagings met die implementering van die wetgewing ondervind.
- 1.2 Hierdie uitdagings sluit die volgende in:
 - (a) kwessies van interpretasie ten opsigte van artikels 59, 81 en 89;
 - (b) die praktiese uitdaging van lede van die Dranklisensieringstribunaal wat onbeskikbaar is om vergaderings by te woon en 'n kworum te vorm;
 - (c) die beperkings op die Voorsittende Beampte en die Dranklisensieringstribunaal om meer van sy of haar bevoegdhede aan ander amptenare te delegeer; en
 - (d) die beperking dat wetstoepassingsbeamptes nie toegelaat word om sonder 'n lasbrief roetine-inspeksies van gelisensieerde eiendomme uit te voer nie.
- 1.3 Met die aanbring van die wysigings tot die Hoofwet om die bovermelde probleme aan te spreek, is voorstelle van rolspelers in drankregulering in die Provinsie ontvang, in die besonder van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die Stad Kaapstad.
- 1.4 Na aanleiding van hierdie voorstelle is bepalings wat vredesbeamptes die bevoegdheid verleen om die Hoofwet af te dwing by hierdie Wetsontwerp ingesluit. Hierbenewens sluit die Wetsontwerp 'n bepaling in wat 'n munisipaliteit en die Suid-Afrikaanse Polisiediens in staat stel om drank waarop daar beslag gelê is per openbare veiling te verkoop, sou hulle kies om dit te doen.

2. OOGMERKE VAN WETSONTWERP

- 2.1 Die Wetsontwerp het ten doel om talle praktiese uitdagings wat die rolspelers tans met die implementering van die Hoofwet ondervind, die hoof te bied.
- 2.2 Die wysigings is hoofsaaklik daarop gemik om die Wes-Kaapse Drankowerheid in staat te stel om sy kernfunksies te verrig sonder om tydrowende praktiese probleme teë te kom. Dit sal die dranklisensieringproses in die Provinsie meer vaartbelyn maak.

3. INHOUD VAN WETSONTWERP

Die doele en oogmerke van die verskeie klousules word vervolgens uiteengesit.

- 3.1 **Klousule 1** bepaal nuwe omskrywings vir die terme “Provinsiale Kommissaris”, “munisipale polisiediens” en “vervangende lid”. Dit wysig die omskrywing vir “geleentheid” en voeg 'n nuwe omskrywing in vir “dranklisensie vir 'n geleentheid”, in ooreenstemming met die wysigings aan bepalings in die Hoofwet in verband met lisensies vir 'n spesiale geleentheid. Die klousule wysig voorts 'n artikelverwysing in die omskrywing vir “bestuurder”, wysig die omskrywing vir “Adjunk-Voorsittende Beampte” en brei die omskrywing vir “vredesbeampte” uit om 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens of 'n lid van 'n munisipale polisiediens in te sluit. Die klousule skrap die omskrywing vir “'n persoon” en “gefortifiseerde wyn” en voeg 'n omskrywing in vir “spiritus”. Die klousule wysig ook die omskrywing vir “natuurlike wyn”.
- 3.2 **Klousule 2** wysig artikel 16 van die Hoofwet deur voorsiening te maak vir die *ad hoc*-aanstelling van vervangende lede. Dit maak ook die aanstelling van tot drie Adjunk- Voorsittende Beamptes moontlik. Dit brei voorts die gesag van

die Voorsittende Beampte uit om enige van sy of haar bevoegdheids funksies te deleger.

- 3.3 **Klousule 3** wysig artikel 17 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die wysigings rakende die aanstelling van vervangende lede.
- 3.4 **Klousule 4** wysig artikel 18 van die Hoofwet en bring die Wet in ooreenstemming met die veranderinge in verskeie rangbenamings wat tans in die Suid-Afrikaanse Polisie gebruik word.
- 3.5 **Klousule 5** wysig artikel 19 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die wysigings rakende die toename in die getal Adjunk- Voorsittende Beamptes.
- 3.6 **Klousule 6** wysig artikel 20 van die Hoofwet deur die uitgediende verwysing na artikel 65(9) te skrap. Dit maak voorsiening vir die Dranklisensieringstribunaal om 'n aangeleentheid te heroorweeg wat deur die Appèltribunaal terugverwys is. Die klousule skep ook die bevoegdheid van die Voorsittende Beampte om 'n aangeleentheid vir oorweging na die Dranklisensieringstribunaal te verwys.
- 3.7 **Klousule 7** wysig artikel 21 van die Hoofwet deur te bepaal dat die Voorsittende Beampte 'n vervangende lid kan versoek om enige van die vergaderings van die Dranklisensieringstribunaal by te woon waar enige ander lid onbeskikbaar is om dit by te woon. Die doel van hierdie wysiging is om die gebrek aan 'n kworum weens die onbeskikbaarheid van lede te voorkom by vergaderings van die Dranklisensieringstribunaal.
- 3.8 **Klousule 8** vervang artikel 22 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die wysiging rakende die aanstelling van vervangende lede.
- 3.9 **Klousule 9** wysig artikel 24 van die Hoofwet deur te bepaal dat die Voorsittende Beampte 'n vervangende lid kan versoek om enige van die vergaderings van 'n komitee van die Dranklisensieringstribunaal by te woon indien enige ander lid van daardie komitee onbeskikbaar is om dit by te woon. Die klousule stel die Dranklisensieringstribunaal in staat om meer van sy funksies aan 'n komitee te deleger. Die klousule verleen in bepaalde omstandighede stemreg aan gekoöpteerde lede wat in 'n komitee van die Dranklisensieringstribunaal aangestel is.
- 3.10 **Klousule 10** wysig artikel 25 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die wysiging rakende die appèl en hersiening van besluite van die Dranklisensieringstribunaal, Voorsittende Beampte en Adjunk- Voorsittende Beamptes.
- 3.11 **Klousule 11** wysig artikel 27 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die wysiging rakende die aanstelling van vervangende lede.
- 3.12 **Klousule 12** vervang artikel 30 van die Hoofwet. Terwyl dit 'n gevolglike wysiging van die uitbreiding van die verskeie misdrywe kragtens die Hoofwet is, ken dit ook fondse toe wat deur die werking van die Wet gegenereer word.
- 3.13 **Klousule 13** wysig artikel 33 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die wysigings ten opsigte van dranklisensies vir geleenthede in klousule 16 van die Wetsontwerp.
- 3.14 **Klousule 14** wysig artikel 41 van die Hoofwet. Hierdie wysiging brei die faktore uit waarvan die Dranklisensieringstribunaal kennis kan neem by die oorweging van 'n aansoek om 'n dranklisensie.
- 3.15 **Klousule 15** wysig artikel 42 van die Hoofwet ten einde die Dranklisensieringstribunaal in staat te stel om die voorwaardelike toestaan van 'n lisensie in te trek. Dit stel ook die Voorsittende Beampte in staat om te

bepaal of die aansoeker aan die voorwaardes voldoen wat in 'n voorwaardelike lisensie gestel is.

- 3.16 **Klousule 16** vervang artikel 48 van die Hoofwet om weg te doen met dranklisensies vir spesiale geleenthede, wat met dranklisensies vir 'n geleentheid vervang word. Voorts reguleer dit die toestaan van tydelike lisensies.
- 3.17 **Klousule 17** wysig artikel 51 van die Hoofwet deur die reg om aansoek te doen om die verhuur van 'n gelisensieerde perseel na alle lisensiehouers uit te brei. Hierdie klousule reguleer die toestaan van aansoeke om gelisensieerde persele te verhuur.
- 3.18 **Klousule 18** wysig artikel 52 van die Hoofwet. Dit wysig die proses vir die aanstelling van 'n bestuurder en stel die Voorsittende Beampte in staat om in bepaalde omstandighede aanstellings te maak.
- 3.19 **Klousule 19** wysig artikel 56 van die Hoofwet sodat persone onder die ouderdom van 18 jaar verbied word om toegang te hê tot die beperkte gebied van 'n perseel wat gelisensieer is vir die verkoop van drank vir verbruik op die perseel.
- 3.20 **Klousule 20** wysig artikel 59 van die Hoofwet. Dit vereenvoudig en stel die bepalings duideliker rakende handelsdae en -ure in gevalle waar 'n munisipaliteit nie die handelsdae en -ure vir die verkoop van drank vir verbruik op en buite die perseel bepaal het nie.
- 3.21 **Klousule 21** wysig artikel 60 van die Hoofwet deur weg te doen met die bepaling wat ongelisensieerde persone verbied om meer as 'n sekere hoeveelheid drank in hul besit te hê.
- 3.22 **Klousule 22** wysig artikel 62 van die Hoofwet deur die bepalings te wysig wat met die geldigheid van 'n lisensie verband hou as gevolg van die wysiging van artikel 68.
- 3.23 **Klousule 23** vervang artikel 63 deur 'n lisensiehouer die opsie te gee om 'n tweejarige hernuwingsiklus te volg.
- 3.24 **Klousule 24** wysig artikel 64 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die wysiging rakende die ingebruikneming van die tweejaarlikse hernuwingsiklus.
- 3.25 **Klousule 25** wysig artikel 65 van die Hoofwet deur die Dranklisensieëringstribunaal in staat te stel om 'n aansoek om die oordrag van 'n lisensie voorwaardelik goed te keur. Hierdie klousule reguleer die uiteindelijke toestaan van voorwaardelik goedgekeurde aansoeke om die oordrag van lisensies.
- 3.26 **Klousule 26** wysig artikel 66 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die wysigings rakende dranklisensies vir spesiale geleenthede. Dit stel die Dranklisensieëringstribunaal in staat om 'n aansoek om die verwydering van 'n lisensie voorwaardelik goed te keur en reguleer voorts die uiteindelijke toestaan van 'n voorwaardelik goedgekeurde aansoek om die verwydering van 'n lisensie.
- 3.27 **Klousule 27** wysig artikel 67 van die Hoofwet en is 'n tegniese wysiging.
- 3.28 **Klousule 28** vervang artikel 68 van die Hoofwet. Dit brei die reg op appèl en hersiening uit om alle besluite van die Dranklisensieëringstribunaal, Voorsittende Beampte of Adjunk- Voorsittende Beamptes in te sluit. Hierdie klousule brei die bevoegdheid van die Appèltribunaal uit om 'n aangeleentheid wat voor hom dien, terug te verwys vir herooring na die aanvanklike besluitnemer wanneer hy 'n besluit ter syde stel.

- 3.29 **Klousule 29** wysig artikel 69 om dit in ooreenstemming te bring met die wysigings van artikel 85.
- 3.30 **Klousule 30** wysig artikel 73 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die ooreenstemming van die Wet met die rangbenamings van die Suid-Afrikaanse Polisie diens. Dit bepaal ook dat die Provinsiale Kommissaris sy of haar bevoegdhede en funksies in ooreenstemming met die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie diens, 1995 (Wet 68 van 1995), kan deleger.
- 3.31 **Klousule 31** wysig artikel 74 van die Hoofwet. Dit maak voorsiening vir die afdwinging van die Hoofwet deur vredesbeamptes.
- 3.32 **Klousule 32** wysig artikel 75 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die wysigings rakende die insluiting van vredesbeamptes by die afdwinging van die Wet. Dit maak verder voorsiening vir die deursoeking, betreding en inspeksie van 'n gelisensieerde perseel sonder die vereiste van 'n lasbrief in bepaalde omstandighede.
- 3.33 **Klousule 33** vervang artikel 79 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die wysigings rakende die insluiting van vredesbeamptes by die afdwinging van die Hoofwet.
- 3.34 **Klousule 34** herroep artikel 81 van die Hoofwet.
- 3.35 **Klousule 35** wysig artikel 84 van die Hoofwet deur die vrystellings uit te brei waarvoor daar in hierdie artikel voorsiening gemaak word, na afslaaers wat namens die Suid-Afrikaanse Polisie diens of 'n munisipaliteit optree en na die Suid-Afrikaanse Polisie diens of die tersaaklike munisipaliteit wat drank verkoop wat aan die Staat verbeur is. Dit skrap verwysings na die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), en brei die uitsonderings van die Wet uit na *bona fide*-versamelaars van wyn en spiritus.
- 3.36 **Klousule 36** vervang artikel 85 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die wegdoening van die verbod teen die besit deur ongelisensieerde persone van meer as 'n sekere hoeveelheid drank.
- 3.37 **Klousule 37** wysig artikel 87 van die Hoofwet deur die misdrywe ingevolge die Hoofwet uit te brei, deur voorsiening te maak vir voortgesette misdrywe en vir die verkoop per openbare veiling van drank waarop beslag gelê is.
- 3.38 **Klousule 38** wysig artikel 88 van die Hoofwet en is 'n gevolglike wysiging van die bepalings rakende die verkoop per openbare veiling van drank waarop beslag gelê is.
- 3.39 **Klousule 39** wysig die inhoudsopgawe van die Hoofwet om dit in ooreenstemming te bring met die wysigings van die Wetsontwerp.
- 3.40 **Klousule 40** maak voorsiening vir die kort titel van die Wet en die inwerkingtreding daarvan.

4. WETGEWENDE BEVOEGDHEID

Die Provinsiale Minister verantwoordelik vir ekonomiese geleenthede is oortuig dat die bepalings van die Wetsontwerp binne die wetgewende bevoegdheid van die Provinsie ressorteer.

5. OORLEGPLEGING

Departement van die Premier: Regsdienste
Stad Kaapstad en ander munisipaliteite
Wes-Kaapse Drankowerheid
Suid-Afrikaanse Polisie
Provinsiale Tesourie
Rolspelers in die bedryf

6. FINANSIËLE IMPLIKASIES

Die Drankowerheid kan vervangende lede en Adjunk- Voorsittende Beampes aanstel. Daar sal vir die koste van hul vergoeding begroot moet word.

7. PERSONEELIMPLIKASIES

Dit word verwag dat daar bykomende administrasie ten opsigte van aangestelde vervangende lede en Adjunk- Voorsittende Beampes sal wees. Die Wes-Kaapse Drankowerheid sal moontlik bykomende personeel moet aanstel en voor begroot.

AMAGQABANTSHINTSHI ACACISAYO:

- [] Amagama abhalwe ngqindilili akwizibiyeli ezisikweri abonisa okukhutshiweyo kwimithetho ekhoyo.
- _____ Amagama akrwelwe umgca ngaphantsi abonisa okuye kongezwa kwimithetho ekhoyo.

ULUNGISO LOMTHETHO OSAYILWAYO

Owenza izilungiso kuMthetho woTywala weNtshona Koloni, ka-2008, malunga neenkcazelo ezithile; ukulungiselela ukumiselwa kwaMasekela-Gosa oNgameleyo angekho ngaphezulu kwesithathu ukuze abe yinxalenye yeSigqeba seeLayisenisi zoTywala; ukulungiselela ukuba iGosa eLongameleyo leSigqeba seeLayisenisi zoTywala lidlulisele amagunya nemisebenzi yalo; ukulungiselela ukuba kukwazeke ukutyumba amagosa endaweni yalawo akhoyo okanye ebekhona kwiSigqeba seeLayisenisi zoTywala; ukulungiselela ukuba iGosa eLongameleyo leSigqeba seeLayisenisi zoTywala lidlulisele imicimbi ethile yeeLayisenisi zoTywala ukuba iphononongwe; ukongeza amagunya eSigqeba seeLayisenisi zoTywala; ukunikeza amalungelo okuvota kumalungu afakelelweyo atyunjwe kwiikomiti ezithile; ukongeza imisebenzi yeSigqeba seeLayisenisi zoTywala enokudluliselwa kwikomiti; ukubeka umqathango owahlukileyo malunga nokukhula kwengeniso kumaziko athile; ukuchaza ngomnye umba owongezelekileyo iSigqeba seeLayisenisi zoTywala okanye iGosa eLongameleyo elisenokuwuthathela ingqalelo xa lijonga isicelo selayisenisi yotywala; ukulawula ngakumbi ukunikezwa kweelayisenisi phantsi kwemiqathango ethile; ukuyekisa iilayisenisi zotywala zeziganeko ezithile ze endaweni yoko kwenziwe imiqathango yeelayisenisi zotywala zeziganeko; ukwenza eminye imiqathango yokurentisa ngezakhiwo ezinelayisenisi; ukwenza eminye imiqathango yokuqeshwa kweemanejala zamashishini aneelayisenisi; ukwenza imiqathango eyahlukileyo malunga nokungena kwabantu abaneminyaka engaphantsi kweli-18 kwiindawo zokusela utywala ukuze kubekho imigaqo yothintelo kwimimandla eneelayisenisi; ukwenza imiqathango eyahlukileyo malunga neentsuku kunye neeyure zokuthengisa utywala kumashishini aneelayisenisi; ukubhangisa imiqathango enqanda ukuba abantu abangelalayisenisi bangabi notywala obungaphezulu koko bafanele ukuba babe nabo; ukwenza eminye imiqathango emalunga nokuphelelwa kweelayisenisi; ukwenza umqathango owahlukileyo malunga nohlaziyo oluzenzekelayo lweelayisenisi; ukwenza eminye imiqathango emalunga nokudluliselwa kweelayisenisi; ukwenza eminye imiqathango malunga nokuthathwa kweelayisenisi; ukwenza eminye imiqathango malunga nokuvalwa kwezakhiwo ezinelayisenisi; ukwenza izilungiso kwimiqathango emalunga neminye imisebenzi yamalungu aMapolisa oMzantsi Afrika ephuma kulo Mthetho; ukwenza imiqathango ethi amapolisa kamasipala angamagosa ocwangco ngokwalo Mthetho; kunye nokongeza amagunya amagosa ocwangco ngokwalo Mthetho; ukwenza eminye imiqathango yokungena; ukusetshwa nokuphandwa kwezakhiwo ezithile; ukubhangisa imiqathango enqanda ukuthengisa, ukubonelela okanye ukusela utywala kwisiza esineshishini elisisitishi sepetroli,

idizili okanye ezinye iimveliso zamafutha ezithuthi; ukongeza abo baphulelwayo ukuba bangawuthobeli lo Mthetho; ukucacisa iimeko apho ubungqina buthathwa njengoko bunjalo de buphikiswe kwiinkqubo zeenkundla okanye kwiinkqubo zokumamela zeSigqeba seeLayisenisi zoTywala; ukwenza eminye imiqathango malunga namatyala nezohlwayo; ukwenza imiqathango yokuthengisa efandesini izinto ezithile ezithinjwe nguRhulumente; ukufakelela ezinye izinto zokuphucula uxwebhu; kunye nokulungiselela imiba enxulumene noku.

MAWUPHUNYEZWE yiPalamente yePhondo leNtshona Koloni ngolu hlobo lulandelayo:—

Ukwenziwa kwezilungiso kwicandelo 1 loMthetho 4 ka-2008, njengoko lenziwe izilungiso licandelo 2 loMthetho 10 ka-2010

1. Icandelo 1 loMthetho woTywala weNtshona Koloni, ka-2008 (uMthetho- 5
ngqangi), lenziwa izilungiso—
- (a) ngokufakelwa kwale nkcazo-gama ilandelayo emva kwenkcazo yegama elithi 5
“ISekela-Gosa eLongameleyo”:
“**‘Isekela-Gosa eLongameleyo’** lithetha umntu onyulwe njengeSekela-
gosa eLongameleyo leSigqeba seeLayisenisi zoTywala ngokwecandelo 10
16(1)(b);
- (b) ngokufakela ngokufakelwa kwale nkcazo-gama ilandelayo emva kwenkcazo 10
ethi “iziyobisi”:
“**‘isiganeko’** sibandakanya umboniso, intlanganiso yezemidlalo,
ukwenza okuthile eqongeni, okanye umsebenzi; 15
‘ilayisenisi yotywala yesiganeko’ ithetha ilayisenisi ekubhekiswe kuyo
kwicandelo 33(2)(a);”;
- (c) ngokucinywa kwenkcazelo yegama elithi “isipirithi”;
- (d) ngokufakelwa kwale nkcazo-gama ilandelayo endaweni yenkcazo yegama 20
elithi “umphathi”:
“**‘umphathi’** uthetha umntu okunyulwa kwakhe njengomphathi
kuvunywe ngokwemigaqo yecandelo [52(1)] 52;”;
- (e) ngokufakelwa kwale nkcazo-gama ilandelayo emva kwenkcazelo yegama 25
elithi “umasipala”:
“**‘iinkonzo zamapolisa kamasipala’** zithetha iinkonzo zamapolisa
kamasipala ezimiselwe phantsi kwecandelo 64A leSouth African Police
Service Act, 1995 (UMthetho 68 ka-1995);”;
- (f) ngokufakelwa kwale nkcazo-gama ilandelayo endaweni yenkcazo yamagama 30
athi “iwayini”:
“**‘iwayini yendalo’** ithetha yiwayini enotywala [obuyi-6,5%] 4,5%
ubuncinane kodwa bube ngaphantsi kwe-16,5%, [yaye
ayiyibandakanyi iwayini enesipirithi];”;
- (g) ngokufakelwa kwale nkcazo-gama ilandelayo endaweni yenkcazo yamagama 35
elithi “igosa elingumgcini-cwangco”:
“**‘igosa elingumgcini-cwangco’** lithetha—
- (a) Naliphi [igosa lasebupoliseni] ilungu (njengoko lichaziwe 35
kwicandelo 1 leSouth African Police Service Act, 1995) leNkonzo
yaMapolisa yaseMzantsi Afrika;
- (b) naliphi ilungu lenkonzo yesipolisa kamasipala; [yaye] okanye 40
